SA GRAAN GRAIN

**MERK OP JOU**

# LANDBOU-KALENDER

## April 2013

**10 tot 12 April**

AFMA Forum 2013 saam met Global Feed and Food Congress by Sun City. Vir meer inligting besoek *www.gffc2013.com.*

**17 tot 20 April**

Bien Donné Agri Cape Week 2013 by die LNR-Bien Donné Navorsingsplaas; Simondium, Paarl/Franschhoek. Die tema vanjaar: Landbou vir die verbruiker. Besprekings en volledige program: (021) 863-0397, *eventsadmin@agrimega.co.za*, *megaevents@agrimega.co.za* en *www.agrimega.co.za*.

## Mei 2013

**14 tot 17 Mei**

NAMPO Oesdag op NAMPO Park, Bothaville. Vir navrae, skakel Wim Venter of Rialeen Lombard by 08600 47246.

**21 to 22 May**

Food Security & Nutrition Summit in Cape Town, where key players in the agricultural industry will come together to do business. Hear expert panels discuss a wide range of food security issues. For more information, send an email to *j.lumb@mask-africa.com* or *info@mask-africa.com*.

## Oktober 2013

**16 to 18 October**

BRICS Trade Exchange at the Sandton Convention Centre in Johannesburg. The BRICS Trade Exchange is a Business-to-Business (B2B) Trade Fair that provides the ideal platform for facilitating and opening up trade between the BRICS nations, namely Brazil, Russia, India, China and South Africa. Find out more at *www.bricstradeexchange.co.za*.


**Inligting oor landbougebeure en 'n kontakpersoon kan skriftelik deurgegee word aan Estie de Villiers by *estiedv@mweb.co.za* of faks dit na 086 275 4157. Merk asseblief duidelik: Vir *SA Graan/Grain* landboukalender.** ■

## MENINGS VAN ONS LESERS

**Ons nooi lesers uit om hul menings te gee oor relevante landbousake. Briewe moet verkieslik minder as 350 woorde wees. Skuilname kan gebruik word, hoewel jou volledige naam en adres aan die Redaksie verskaf moet word. Die plasing van briewe berus by die oordeel van die *SA Graan/Grain* Redaksiekomitee.**



**Stuur jou briewe aan:**
***SA Graan/Grain* Redaksie,**
**Posbus 88, Bothaville, 9660**
**of per e-pos: *estiedv@mweb.co.za.*** ■



**Hou die Julie-uitgawe van *SA Graan/Grain* dop vir ons spesiale Fokus op Bemesting.**

**Belangstellende adverteerders kan vir Jurgen van Onselen kontak by 082 417 3874.**





*SA Graan/Sasol Nitro fotokompetisie*

# Die aand van die sesde dag: Noag

**JANNIE DE VILLIERS, UITVOERENDE HOOFBESTUURDER, GRAAN SA**

*Skrywersnota: Ná Graan SA-streeksvergaderings in die Noordwes Provinsie wat ek onlangs bygewoon het, het ek hierdie in my stiltetyd geskryf...Die produsente kry maar swaar met die droogte en dalk kan hierdie hulle bemoedig:*

Nadat Noag die ark gebou het en al die spot verduur het, kom hy tot die punt in sy geloof dat hy die opdrag uitgevoer het. Jy moet vandag ingaan (Gen 7:4) en die sewende dag sal dit begin reën. Noag het gedoen soos God gesê het.

Die aand van die sesde dag, vir die soveelste keer, kom die mense klop en skree dat hulle moet uitkom. Een van Noag se skoondogters is baie twyfelagtig oor haar "mal" skoonpa en kan nie glo haar man volg hom so slaafs na nie. Dit is warm en bedompig in die ark. Die diere is onrustig en daar is nie 'n wolkie in sig nie. Gaan God regtig doen wat Hy gesê het? Niemand eet vanaand hulle kos nie – stoot dit net in hulle borde rond. Ná ete gaan vier egpare na hulle beddens toe. Almal rol rond en luister – niks nie...Noag beleef 'n alleenheid wat 'n mens nie kan beskryf nie – dit is net hy en God; en God sê niks nie!

Ná die laaste opdrag ses dae gelede het God stil geword. (Terwyl die student toets skryf, is die onderwyser stil.) Noag begin twyfel oor die hele ark-ding. Sê nou dit reën nie, wanneer maak hy die deure van die ark oop? Wat gaan die mense dan sê? Skielik hoor hy 'n onbekende geluid. Hy en sy vrou verstyf albei – was maar net 'n balk wat uitgesit het. Wat gaan hy met die reuse-ark maak – dit lê al sy lande vol? Hy sal dit nooit geskuif kry nie. Waarvan gaan hy en sy gesin leef, hulle het so pas die plantseisoen gemis. Beslis sal hy nie by sy spottende bure gaan aanklop vir hulp nie.

Here, waar is U? Sê iets! Sê nou God wil net sy gehoorsaamheid tot hier toets? Kan God so wreed wees teenoor hom? Sal God regtig alles op aarde verdelg? Hy is dan so liefdevol en genadig. Gaan Hy nie dalk van gedagte verander nie? Die bure se gelag klink op in die nag – dronkparty – die skel gelag van straatvroue sny deur Noag se dun geloof. Here, waar is die reën?

Wanneer Noag aan die slaap geraak het, weet hy nie. Al waarvan hy wel seker is, is dat hy die donderweer gehoor het. 'n Diep dreuning volg 'n weerligstraal wat die ark binne verlig. Dit is Jafet se stem wat eerste opgaan met 'n "Prys die Here!" Daar is opgewondenheid onder die gesin, die diere trippel rond en geluide kom van oral oor. Dit is 'n warboel (Babelse verwarring?) en toe het die reën gekom: "Op die sewende dag het die vloedwaters oor die aarde gekom. Presies op die sewende dag van die tweede maand van die 600ste jaar van Noag, het die fonteine van die groot waters oopgebreek. Die vensters van die hemel is oopgemaak, sodat daar 'n stortreën op die aarde geval het vir 40 dae en 40 nagte lank."

God is wie Hy is. Hy lieg nie. ■